# 2 JOHANNES

A.D. 90-95

Nuwe Testament

Reeks 8

Briewe

Boek 63

| Die Ou Testament | Die Nuwe Testament |
|---|---|
| Reeks 1. Wet<br>• Boek 1: Genesis<br>• Boek 2: Eksodus<br>• Boek 3: Levitikus<br>• Boek 4: Numeri<br>• Boek 5: Deuteronomium<br><br>Reeks 2. Geskiedenis<br>• Boek 6: Josua<br>• Boek 7: Rigters<br>• Boek 8: Rut<br>• Boek 9: 1 Samuel<br>• Boek 10: 2 Samuel<br>• Boek 11: 1 Konings<br>• Boek 12: 2 Konings<br>• Boek 13: 1 Kronieke<br>• Boek 14: 2 Kronieke<br>• Boek 15: Esra<br>• Boek 16: Nehemia<br>• Boek 17: Ester<br><br>Reeks 3. Wysheid en Poësie<br>• Boek 18: Job<br>• Boek 19: Psalms<br>• Boek 20: Spreuke<br>• Boek 21: Prediker<br>• Boek 22: Hooglied<br><br>Reeks 4. Groot Profete<br>• Boek 23: Jesaja<br>• Boek 24: Jeremia<br>• Boek 25: Klaagliedere<br>• Boek 26: Esegiël<br>• Boek 27: Daniël<br><br>Reeks 5. Klein Profete<br>• Boek 28: Hosea<br>• Boek 29: Joël<br>• Boek 30: Amos<br>• Boek 31: Obadja<br>• Boek 32: Jona<br>• Boek 33: Miga<br>• Boek 34: Nahum<br>• Boek 35: Habakuk<br>• Boek 36: Sefanja<br>• Boek 37: Haggai<br>• Boek 38: Sagaria<br>• Boek 39: Maleagi | Reeks 6. Evangelies<br>• Boek 40: Mattheüs<br>• Boek 41: Markus<br>• Boek 42: Lukas<br>• Boek 43 Johannes<br><br>Reeks 7. Geskiedenis<br>• Boek 44: Handelinge<br><br>Reeks 8. Briewe<br>• Boek 45: Romeine<br>• Boek 46: 1 Korintiërs<br>• Boek 47: 2 Korintiërs<br>• Boek 48: Galasiers<br>• Boek 49: Efesiers<br>• Boek 50: Filippense<br>• Boek 51: Kolossense<br>• Boek 52: 1 Tessalonisense<br>• Boek 53: 2 Tessalonisense<br>• Boek 54: 1 Timoteus<br>• Boek 55: 2 Timoteus<br>• Boek 56: Titus<br>• Boek 57: Filemon<br>• Boek 58: Hebreërs<br>• Boek 59: Jakobus<br>• Boek 60: 1 Petrus<br>• Boek 61: 2 Petrus<br>• Boek 62: 1 Johannes<br>• Boek 63: 2 Johannes<br>• Boek 64: 3 Johannes<br>• Boek 65: Judas<br><br>Reeks 9. Apokalips<br>• Boek 66: Openbaring |

# DIE TWEEDE BRIEF VAN DIE

## APOSTEL JOHANNES

**DIE** ouderling aan die uitverkore vrou en aan haar kinders—wat ek in waarheid liefhet, en nie ek alleen nie, maar ook almal wat die waarheid leer ken het; ter wille van die waarheid wat in ons bly en by ons vir ewig sal wees — genade, barmhartigheid, vrede sal met julle wees van God die Vader en van die Here Jesus Christus, die Seun van die Vader, in waarheid en liefde.

**EK** was baie bly dat ek van u kinders gevind het wat in die waarheid wandel, soos ons ’n gebod van die Vader ontvang het. En nou bid ek u, uitverkore vrou, nie asof ek u ’n nuwe gebod skryf nie, maar een wat ons van die begin af gehad het: dat ons mekaar moet liefhê. En dit is die liefde, dat ons wandel volgens sy gebooie. Dit is die gebod soos julle van die begin af gehoor het dat julle daarin moet wandel. Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris. Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar ’n volle loon ontvang. Elkeen wat ’n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hý het die Vader sowel as die Seun. As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie. Want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bose werke. Alhoewel ek baie het om aan julle te skrywe, wou ek dit nie met papier en ink doen nie, maar ek hoop om na julle te kom en van mond tot mond te spreek, sodat ons blydskap volkome kan wees. Die kinders van u uitverkore suster groet u. Amen.